**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***VERSLAWING AS ‘N VERWOESTER***

**Dinsdag 14 Februarie 2023 – Zoom aanbieding**

**Prof Wentzel Coetzer**

In hierdie kursus gaan dit om ŉ multidissiplinêre benadering, met die pastoraat as ŉ belangrike komponent, met betrekking tot die probleem van verslawing. Daar word in besonder gefokus op die benadering van Gabor Maté (medikus) in sy boek, *In the realm of hungry ghosts. Close encounters with addiction* (2018; vir hierdie boek het hy die Hubert Evans prys ontvang). Hy is reeds vir ŉ geruime aantal jare betrokke by die begeleiding en behandeling van verslaafdes op die strate van Vancouver in Kanada. Aansluitend hierby let ons ook op belangrike perspektiewe vanuit die boek van Carl Hart & Charles Ksir, *Drugs, society & human behavior* (2022). Hierdie word beskryf as een van die mees gesaghebbende bronne rakende verslawing, asook die effek daarvan op die individu en die gemeenskap. Aansluitend tot hierdie twee belangrike bronne word perspektiewe vanuit verskeie ander bronne ook geïntegreer.

Binne hierdie onderskeie bronne word in ŉ besondere mate beklemtoon die belangrike rol van die lewensverhaal van die verslaafde, asook aftakelende omgewingsfaktore sedert kinderjare. Die moontlike fisiese en emosionele kwesbaarheid wat in ŉ baie vroeë stadium reeds gevestig kon gewees het as gevolg van trauma en emosionele verwonding, word ook sterk beklemtoon. Volgens die outeurs is dwelmverslawing heel dikwels een van die gevolge van emosionele en geestelike armoede, en hou die kern van alle verslawings dan ook verband met ŉ innerlike vakuum en ŉ leegheid. Teen hierdie agtergrond word ten slotte ŉ verskeidenheid van praktiese en pastorale riglyne geformuleer.

**Datum:** Dinsdag 14 Februarie 2023 – sluit in sleutelnotas en PowerPoint

**Tyd:** 09.00 – 13.00

**Akkreditering:** 5x VBO punte – 5x CPSC punte – ook AFM PCD akkreditasie

**Koste:** R250 pp (egpare: R400)

**Handboek te koop** (opsioneel): R150 (plus R100 koerier koste)

**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

**Om te bespreek:** U kan op die volgende skakel klik vir registrasie:

https://forms.gle/kCjqCbiSqHFR6Bfn8